

Sondag 39: Die Vyfde Gebod – Om aan Almal wat oor my Gestel is Liefde, Eer en Trou te Bewys

DAG 1:

Fokus op mekaar:

- *Hoe sal jy jou verhouding met jou pa en ma beskryf?*
- *Is ons 'n gesin wat aan mekaar liefde, eer en trou bewys? Hoe lyk dit in praktyk?*

1. Fokus op die Here

1.1. Ons met die Here:

a. Sing saam tot eer van die Here.

Sb 9-1:5 berym vyfde gebod en lig uit hoe God ons deur ons ouers regeer.

*Gee eer aan vader en aan moeder,
Want God regeer ons deur hul hand;
Dan sal die HEER, die troue hoeder,
Ons seën in ons vaderland.*

b. **Gebedsvoorstelle:**

- * Dank die Here dat hy vir jou 'n pa en 'n ma gegee het wat vir jou lief is, jou versorg en jou leer hoe om te leef.
- * Dank God dat jy in jou ouers iets van God se vaderliefde kan raaksien.
- * Bid dat God jou die genade sal gee om ook met die gebreke van jou ouers te kan saamleef.

1.2. Die Here met ons:

Lees:

Eksodus 20:11 en Sondag 39.

Vra: Waaroor gaan dit hier, wat is die hoofpunt wat Sondag 39 ons wil leer?

Twee dinge:

1. Om sowel my pa en ma as almal wat oor my gestel is alle liefde eer en trou te bewys – dit is om hulle gehoorsaam te wees sover as wat hulle van my vra in lyn met die evangelie is.
2. My ouers en die wat oor my gestel is, is ook maar net mense, daarom moet ek besef dat hulle foute gaan maak en moet ek daarmee geduld hê.

Belangrike woorde:

- * vader en moeder: Geen onderskeid word tussen pa en ma getref nie, alby bedien die ouergesag en alby moet gelyk geëer word.
- * almal wat oor my gestel is: hierdie gebod sluit meer as net jou pa en ma in, maar ook almal wat in 'n gesagsposisie bo jou is. Sien die lyndende vrae.
- * eer: Respek, ontsag. Dit moet bewys word omdat God hulle bo ons aangestel het.
- * liefde: Vriendelikheid, geborgenheid, diens.
- * trou: Lojaliteit, getrouheid. Ons bewys dit in flink en vriendelike gehoorsaamheid.
- * goeie leer en tug: Die wat oor jou gestel is het die verantwoordelikheid om in lyn met God woord te leer en te tug – wanneer dit nie gebeur nie is ek hulle nie gehoorsaamheid verskuldig nie.
- * verskuldigde gehoorsaamheid: Wanneer die in gesagsposisies my in lyn met Gods woord leer en dissipliner is moet ek hulle gehoorsaam wees en hul tugtiging tot my beswil aanvaar.
- * onderwerp: Hierdie onderwerping is nie 'n slaafse of onwillige gehoorsaamheid nie, maar gewillig omdat dit uit die geloof spruit dat God hulle tot ons beswil oor ons gestel het.
- * met hul gebreke geduld: Kinders en almal wat onder gesag staan moet die feit onthou dat hul ouers en die wat oor hul gestel is die nie volmaak kan doen nie. Hul foute en

tekortkominge moet daarom nie met velle kritiek teengegaan word nie, maar ons moet eerder streef om hul tekortkominge te verstaan, daarmee geduld te hê en vir hulle te bid.

* ons deur hulle regeer: God regeer sy kinders deur middel van menslike agente. Hulle verteenwoordig Hom en dit beteken dat hulle ons volgens sy wil moet regeer en lei. Hulle is ook teenoor God aanspreekbaar vir die manier wat hulle dit doen. Ons moet hulle respekteer omdat hulle amp van God af kom.

Leidende vrae

Die vyfde gebod is gerig op jou verhouding met jou naaste, maar hierdie verhouding groei vanuit jou verhouding met God. As jy God nie as jou Vader erken nie sal jy ook nie die mense wat oor jou gestel is met respek benader nie.

Hoe is Jesus vir jou 'n voorbeeld van iemand wat God volmaak gehoorsaam het? Lees Jesus se gebed in Johannes 17 met hierdie vraag in gedagte. Let veral op verse 4, 18, 19.

Hoe dui Jesus se kruiswoord, "*Dit is volbring*" op sy gehoorsaamheid aan sy Vader?

Jesus was nie net aan sy hemelse Vader gehoorsaam nie, maar ook aan die aardse gesag wat oor Hom gestel was, e.g. sy ouers (Lukas 2:48-51) en die staat (Markus 12:13-17)

Wie is almal oor my gestel? – wie word alles onder 'vader en moeder' verstaan?

In die gesin en familie:

- Dit gebeur soms dat 'n ma minder eer as 'n pa ontvang (dat kinders eerder na hul pa as na hul ma sal luister). Wat sê Levitikus 19:3 en Efesiërs 6:1 hieroor?
- Wat behoort jou verhouding teenoor jou skoonouers te wees? (Eks. 18:17, 24, 27)
- Wat moet jou verhouding teenoor 'n stief-pa of ma wees? Josef was Jesus se stief-pa. Lees Lukas 2:48-51.
- Ons moet ook ons ooms en tannies eer, soos die geval met Mordegai en Ester. Lees Ester 2:7

In die kerk:

- Ons moet aan predikante eer bewys. Elisa het Elija sy vader genoem (2 Kon. 2:12), Paulus sê in 1 Kor. 4:15, "Deur die verkondiging van die evangelie is ek in Christus Jesus jul vader."
- Ons moet aan ouderlinge eer bewys: hulle regeer, bewaar en versorg die kerk en verdien daarom 'n dubbele eer (1 Tim 5:17)
- Die diakens dien as vaders vir die armes, versamel wat nodig vir hul onderhoud is, en deel dit volgens elkeen se behoefte uit.

In burgerlike verhoudings en jou verhouding met jou medemens:

- Ek moet die staat eer: Dawid noem vir koning Saul sy vader (1 Sam 24:12) en Debora noem haarself 'n moeder in Israel (Rig. 5:7). Wat sê Romeine 13:1-2 wat my verhouding teenoor die staat moet wees?
- Ek moet oumense en die in gesagsposisie eer: "Uit eerbied vir God moet jy eerbied bewys aan oumense en hulle met respek behandel" (Lev. 19:32). 'n Ouer man moet jy nie skerp terreg wys nie, maar vermaan hom asof hy jou vader is... die ouer vroue soos moeders... in alle eerbaarheid (1. Tim 5:1-2)
- In alle verhoudings waar daar 'n meerdere en in mindere is moet die mindere aan die meerdere eer bewys, b.v. onderwysers en leerlinge, voormanne en -vroue en die wat vir hulle werk doen, administratiewe funksionaries en die wat by hulle 'n diens benodig.

Dink na oor hoe jy die mense wat oor jou gestel is benader. Bewys jy aan hulle die nodige eer, liefde en trou? Watter groei het jy in hierdie deel van jou geloofslewe nodig?

Sondag 39: Die Vyfde Gebod – Om aan Almal wat oor my Gestel is Liefde, Eer en Trou te Bewys DAG 2

Fokus op mekaar:

- *Is daar mense wat oor jou gestel is wat jy met groot liefde en gemak eer bewys? Wat maak dit maklik?*
- *Is daar mense in jou lewe aan wie jy sukkel om eer en trou te bewys? Wat veroorsaak dit?*
- *Gebeur dit omdat jy nie geduld met hul gebreke het nie, of omdat dit wat hulle van jou verwag onbillik is?*
- *Hoe kan julle as gesin mekaar hierin ondersteun en aanspoor of die probleem oplos?*

1. Fokus op die Here

1.1. Ons met die Here:

a. Sing saam tot eer van die Here.

Ons moet ons aan die goeie leer en tug van die wat oor ons gestel is onderwerp. Psalm 78:2 sing van hoe ouers hul kinders van die Here leer.

*'n Wysheidswoord wat vloei uit diepe wel
– ons vaders het ons dit voorheen vertel –
Sal ons laat hoor, en aan die stamverband
Sal ons verhaal die wonders van Gods hand;
Sodat ons kinders trou dit na kan spur,
Sy dade kan verkondig altyddeur.*

Gebedsvoorstelle:

- * Bid dat diegene wat bo jou gestel is jou nie met blote met menslike wysheid sal lei nie, maar dat hulle getrou aan die Here hul gesag sal bedien.
- * Bid dat die Here jou uit die foute waarvoor jou ouers jou regverdig straf sal leer om goed te doen en die kwaad te vermy.
- * Bid vir die wat regeer en almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n stil en rustige lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.

1.2. Die Here met ons:

Wartoe word mense in gesagsposisies opgeroep? (sodat die wat onder hulle is, hulle sal wil eer)

- Om hulself waardig tot hulp posisie gedra. (Job 29:7-8)
- Daar moet liefde uit hul gesagsoefening vloei – dit moet duidelik wees dat hulle aan almal onder hulle goedegesind is en selfs hul swakhede verdra, vlg. Mal 3:17 *“Ek sal goed wees vir hulle, soos iemand goed is vir sy seun wat vir hom werk.”*
- Om 'n goeie voorbeeld te stel, vlg. 1 Kor. 11:1 *“Volg my voorbeeld soos ek die voorbeeld van Christus volg.”*
- 1 Tim 5:8 – *“As iemand nie vir sy eie mense en veral nie vir sy huisgesin sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as 'n ongelowige.”* Om 'n besorgdheid, na liggaam en siel, te hê vir die wat onder jou is. Wanneer iemand in 'n gesagsposisie werklik vir die onder hom sorg, word hul lief, en eer hul hom, en kom hul hul pligte getrou na. Dit is tot voordeel van albei partye.
- Ondergeskiktes moet opgelei, ingelig, aangespoor, terregewys en indien nodig, gestraf word om hul op die regte pad te bring en te hou. (Ef. 6:4).

*Dalk is jy 'n ouer van 'n kind, 'n werkgewer, en dalk is al waaroor jy gesag tans het jou troeteldier...
Hoe help die riglyne hierbo jou om jou gesag en verantwoordelikheid billik uit te oefen?
Sien jy in jou gesagsuitoefening dat jy die Here navolg? Sien jy in jou gedrag regverdigheid,
konsekwenheid, billikheid, geduld, medelye, genade, en in uitsonderlike gevalle straf?
Bid dat jy in jou gesagsoefening die Here in gedagte woord en daad sal navolg.*

**Sondag 39: Die Vyfde Gebod – Om aan Almal wat oor my Gestel is Liefde, Eer en Trou te Bewys
DAG 3**

Fokus op mekaar:

- *Elkeen kry die geleentheid om te sê hoe sy of haar dag was*
- *Het van julle al ooit 'n sport beoefen met 'n besondere goeie (of slegte) kaptein? Vertel wat hom of haar goed of sleg gemaak het.*
- *Vertel mekaar van die gesagsposisies waarin julle is:
Of jy bo iemand is en hoe jy hulle hanteer en wat hulle doen
En of jy onder iemand gestel is en hoe hulle jou hanteer en wat jy vir hulle doen.*
- *Is daar van hierdie verhoudinge wat kan verbeter? Wat kan julle as gesin doen om dit beter te maak?*

1. Fokus op die Here

1.1. Ons met die Here:

a. Sing saam tot eer van die Here.

Psalm 128 sing van hoe dit in 'n gesin gaan wanneer God se wil nagestreef word. Die hele psalm is relevant:

*Wie deur Gods vrees bewoë
Trou op die weg wil gaan
Waar hom Gods wil voor oë
en klaar geteken staan-
Die arbeid van sy hande
Sal hy met vreug geniet
Wanneer die koringlande
Met seën hul opbrengs bied.*

b. Gebedsvoorstelle:

* Bid dat julle in jul huisgesin die weg sal bewandel wat God uitspel.

* Vra die Here vir die bereidwilligheid om aan mekaar onderdanig te wees volgens elkeen se posisie:

- dat ouers hul kinders reg sal ondersteun en versorg,

- en dat kinders hul ouers sal gehoorsaam en help

* Bid dat dat wedersydse liefde en respek al jul verhoudings sal kenmerk.

1.2. Die Here met ons:

Laas het ons gekyk na die gedrag wat die in gesagsposisies aan die wat onder hulle is verskuldig is, vandag kyk ons na die gedrag wat ondergeskiktes aan hul meerderes verskuldig is.

1. Die wat oor ons gestel is moet *geëer* word:

“Btoon in liefde die hoogste agting aan hulle ter wille van hulle werk.” 1 Thess 5:13

“Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is, daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God.” Rom 13:1

2. Die wat oor ons gestel is moet *gelief* word:

Selfs as die persoon homself nie waardig van ons liefde en agting handhaaf nie, is dit God se bevel om liefde aan ons naaste te bewys, daarom is dit goed dat ons dit doen.

3. Ons moet getrou wees aan die wat oor ons gestel is:

“Die slawe moet in alles aan hulle eienaars onderdanig wees en hulle tevrede stel. Hulle moenie teëpraat of iets vat nie; hulle moet bewys dat hulle in alles betroubaar is. So sal hulle in alles wat hulle doen, die aansien van die leer van God ons Verlosser verhoog.” Titus 2:9-10

Ons moet ons meerderes, binne die grense van die verhouding, volgens ons vermoë ondersteun: *“Die kinders moet leer om as gelowiges allereers hul verpligtinge teenoor hul eie familie na te kom en so hul ouers en grootouers iets te vergoed. Dit is volgens die wil van God.”* 1 Tim 5:4

4. Ons moet hulle gehoorsaam wees:

Ons moet hul bevele stiptelik uitvoer – Spreuke 1:8 *“My seun jy moet luister na die onderrig wat jou vader jou gee; moenie wat jou moeder jou leer verontagsaam nie.”* Kol. 3:22 *“Wees in alles gehoorsaam aan julle eienaars op aarde.”* Hierdie bevele geld nie net wanneer hulle gesagsuitoefening reg en billik is nie, maar ook as hulle onredelik en wreed is (1 Pet. 2:18).

As hulle egter misdaad pleeg is hulle daarvoor aanspreeklik en as hulle God se wet oortree mag jy hulle nie gehoorsaam nie.

5. Ons moet geduld met hul swakhede hê:

Die wat oor ons gestel is, is mense, en baie van hulle het nie die genade ontvang om te glo nie. As hulle dus aanstoontlike en goddelose lewens leef en hulself nie goed teenoor hul ondergeskiktes gedra nie moet ons dit verwag. Dink aan die getrouheid wat Josef, Nehemia en Daniel aan heidense konings bewys het.

Ons moet onself oor hulle ontferm en vir hulle bid. Deur ons voorbeeld kan hul tot bekering kom.

Ons moet veral geduld met die swakhede van meerderes wat gelowiges is hê – *“Wees gehoorsaam aan jou vader en jou moeder, jy is hulle kind; moet hulle nie verag as hulle oud geword het nie”* (Spr. 23:22).

Maak ‘n lys van twee of drie mense wat oor jou gestel is. Op watter manier gee jy uitvoering aan die vyf maniere om hulle te eer?

Dink ook aan bejaardes: Het jy ‘n bejaarde oupa of ouma? Hoe versorg jy hulle? Hoe dink jy kan die kerk vir oumense versorg?